



# KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 277

1 Maart 2010

TOULEIER

## Ons nuwe Soekhoekie



Ons begin hierdie week met 'n nuwe diens: 'n Soekhoekie waarin mense dienste en dinge kan aanbied. Die kleinadvertensies verskyn almal in GEEL blokke vir maklike herkenning.

Om jou eie GRATIS advertensie in ons Soekhoekie geplaas te kry, gebruik hierdie skakel:

<http://pub8.bravenet.com/classified/show.php?usernum=656562998&cpv=1>

Indien hy nie wil werk nie, gaan na [www.onsdorp.com](http://www.onsdorp.com) en klik op die SOEKHOEK-straatbordjie.

Ondersteun asseblief ons lesers. Slegs KORT, AFRIKAANSE advertensies sal geplaas word.

Die volgende is spesjinjaal vir al die Saners in Doha. Kom ons kyk of julle klomp daar in Duskantland, of selfs in ander dele van Anderkantland, kan vereenselwig met wat hier aangaan en of julle 'n vergelyking kan tref met hoe dit inpas met die dinge en die alledaagse lewe daar waar jy nes skop.

### Jy weet jy is in Doha, Katar wanneer:

- R1000 se kruideniersware by Mega Mart in een plastieksak pas.
- 'n Pakkie koekies met drie lae verpakking wat jy by Carrefoure koop, steeds in krummels by die huis aankom.
- Jou inkopies van 7 items in 5 sakke verpak word wanneer een voldoende is.
- Jy 'n trui aantrek as dit buite onder 20°C gaan.
- Jy glo dat die definisie van 'n nannosekonde, die tydsduur is tussen wanneer die lig groen slaan en die eerste toeter agter jou begin blaas.
- Jy vir kuiemense 'n kaart stuur eerder as jou adres.
- Jy nooit meer Saterdag in plaas van Vrydag, of Sondag in plaas van Saterdag sê nie.
- Jy besef dit help nie om te vra hoekom jy nie iets mag doen nie, want daar is geen goeie rede hoekom nie.
- Jy gewoon is aan toue van 1 persoon diep en 30 mense wyd.
- Jy altyd 10 paspoort-grootte fotos saam met jou dra, net in geval.
- Jy weet hoe laat dit is deur te luister na die naaste moskee.
- Aartappelskiller, skottelgoedwasser en vlieëslaner werkstelsels is.
- Jy glo dat deur mense in jou eie taal te kan vloek, jou veeltaalig maak.
- Jy meer betaal vir jou woonplek per maand as wat baie mense in Duskantland in 'n jaar sal betaal.
- Jy jare laas meer as twaalf sterre in die aand gesien het.
- Jy sonder om te huiwer R70 betaal vir 'n bier wat R7 kos in Duskant-land.
- Jy 27 verskillende spyskaarte langs die telefoon het en al die emorskosplekke jou ken by jou naam.
- Jou mede fliekgangers harder op hul selfone praat as die akteurs en party self rook.
- Jy 'n 3 by 3m vervlenterde stukkie gras, jou tuin noem.

Nou is dit jou beurt, watter van die goed in die lysie hier bo maak vir jou geen sin nie? Wat ondervind jy wat selle is? Is daar iets waaraan jy ook maar moes gewoon raak daar waar jy nou woon, wat jy nie in Suid-Afrika sou ondervind nie? Skryf! My adres is [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**



Afrikaans Sonder Grense  
Lekker musiek vir alle mense

Afrikaanse en Suid-Afrikaanse musiek op die internet by:  
[www.coralcoastradio.net.au](http://www.coralcoastradio.net.au) elke Donderdag 6 – 8 nm.  
(Queensland-tyd) met Rochelle uit Bundaberg. Musiek vir oud en jonk. Sluit ook aan op Face Book by Afrikaans Sonder Grense, word deel van die Afrikaanse musiekfamilie in die buiteland!

# Allegaartjie

## Twee oues op toer

Die twee oues van dae is op reis en stop langs die pad vir middagetete. Met hul vertrek vergeet die tante haar bril, en sy ontdek dit eers toe hulle al weer so 40 minute op pad is.

Om alles erger te maak, moet hulle toe nog 'n hele ent ry voordat daar 'n plek is om om te draai.

Op pad terug verander die oom in een van daardie klassieke ou brompotte. Hoe meer hy die tante uittrap, hoe kwater word hy. Uiteindelik is hulle terug by die restaurant, en terwyl die tante uitklim, sê hy:

"En terwyl ons nou hier is, kry sommer my hoed en my kredietkaart."

## FOUTJIE

Gedurende krygsoefeninge kom die nuwe luitenant op 'n jeep af wat in die modder vassit.

Hy stap oor na die rooigesig kolonel.

"Sit jou jeep vas Kolonel?"

Die Kolonel klim uit en gee hom sy sleutels.

"Nee, dis j<sup>o</sup>u jeep wat vas sit."

## HELP, DOKTER!

"Dokter, dokter, jy moet my help!

Almal ignoreer my."

"Volgende, asseblief!"

"Dokter, ek het 'n teelepel ingesluk!"

"Toemaar, moet net nie roer nie."

## DIE MANS VEG TERUG



Haar werk is om te kla. My werk is om haar rede te gee.

- Hoekom is vroue se voete kleiner as mans s'n? Sodat hulle lekker naby aan die opwasbak kan staan.
- Hoekom is 'n wassery 'n slegte plek om 'n vrou op te tel? Want as sy nie eers 'n wasmasjien kan bekostig nie, sal sy nooit in staat wees om jou te onderhou nie.
- Hoe maak jy 'n vrou se horlosie heel? Jy los hom stukkend. Daar is mos 'n klok op die oond.
- Jou hond blaf by die agterdeur en jou vrou skree by die voordeur. Wie laat jy eerste inkom? Die hond - hy bly stil as hy in die huis is.



## SNORK

Die manne is op 'n jagplaas.

Niemand wil met Koos deel nie want die man snork verskriklik.

Iemand moet egter en hulle besluit om maar beurte te maak.

Gert is eerste en by brekfis kan die manne aan sy deurmekaar hare en rooi oë sien die nag was lank vir die man.

Hulle vra hom hoe dit gegaan het. Hy sug en se hy het maar die heel nag net vir Koos lê en luister, nie 'n oog toegemaak nie.

Selle gebeur met Jan, hy lyk ook maar oes en vertel die manne hy het ook maar net daar gesit en vir Koos gekyk en geluister.

Die derde ou was Freddie.

Die volgende dag kom Freddie perdfris en met helder oë daar aangestap en hulle sien ou Koos is die een wat maar sleg lyk.

Die manne wil weet.

Freddie sê: "Toe ons gisteraand gaan inkruip, het ek Koos se kombes vir hom ingevou, hom so op die boude geklap en 'n nagsoentjie gegee. Koos het toe die heel nag kiertsregop vir my sit en dophou."

## Versoekie aan God

Liewe God

Ek wil 'n paar dinge vir Kersfees hê.

'n Nuwe fiets.

'n Lego-stel.

'n Hond.

'n Videokamera.

As ek nie alles kan kry nie, wil ek graag die meeste van hierdie goed hê.

Die uwe

ERIK

NS. Ek weet daar is nie iets soos Kersvader nie.



# Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## BLONDE SEEP

Die blonde doen inkopies, en terwyl sy tussen die rakke stap, val daar seep uit haar waentjie uit.

Die man wat agter haar stap, sien dit, tel die seep op, en roep:

"Verskoon tog, juffrou, maar jou koekie seep het uit die waentjie geval!"

Blondie vererg haar en sê: "Dít, meneer, is GESIG-SEEP, nie KOEKIESEEP nie!"

## KORT SPOOKSTORIE

"Die man is heeltemal stoksielalleen in die wêreld. Skielik is daar 'n klop aan sy deur."

## EET GRAS

'n Ryk blondine sien 'n boemelaar by die supermark by die parkeerterrein. Hy staan op sy knieë en eet gras.

"Is jy honger?" vra sy baie ontsteld. Hy knik sy kop.

"Kom saam huis toe," sê sy.

"Ek kan nie," antwoord hy. "My hele familie is ook hier."

"Bring hulle almal saam. By my huis staan die gras vreeslik hoog."

## GRATIS BUSRIT

'n Dronk ou klim op die bus. Hy vroetel in sy sak vir geld maar kom nie reg nie.

Die busbestuurder is ongeduldig en begin verder ry.

Met die wegtrek se momentum strompel die dronkie tot agter in die bus in 'n poging om regop te bly.

By die volgende stop dwing die momentum hom weer tot voor in die bus. Steeds probeer hy elke sak deursoek vir die ritgeld.

So gaan dit aan, bus trek weg, strompel tot agter, bus stop, strompel tot voor.

'n Ent verder klim die dronkie by die stop af.

"Haai" roep die busbestuurder, "jy het nie vir die rit betaal nie!"

"Hoekom moet ek? Ek het dan heel pad geloop!"

## KRY JOU RY!

'n Man stap by die biblioteek in.

"Verskoon my, maar het julle boeke oor selfmoord?" vra hy aan die vrou by die toonbank.

Die bibliotekaresse loer oor haar bril vir hom.

"Kry jou ry man. Wie dink jy gaan daai boek terugbring?"

## VERKEERDE BUS

'n Man wat hoog in die takke was, klim een nag op die bus. Hy steier in die gangetjie op en val neer langs 'n bejaarde dame.

Sy kyk hom op en af en sê: "Ek het nuus vir jou. Jy is reguit op pad hel toe."

Die man spring op en roep: "Stop, stop! Ek is op die verkeerde bus!"

## HAGAR DIE VERSKRILIKLIKE deur Chris Browne





# Petronella

## PRAAT PADLANGS

**En al die tyd** het julle gedink 'n middel vinger in die lug langs die pad beteken vang 'n minibus in dorp toe, nè? Verrassing, al wat jy daarvoor kry is 'n sak oor jou kop en 'n rit in die berugte blou brigade se Blik met Wiele langs die Kaap se paaie. Gelukkig wil me. Zille 'n stokkie daarvoor steek.

Ek reken as daar een is wat dit kan doen, sal dit sy wees.

**Volgens die Finweek** is die Trojaanse Perd, dis nou 'n mooi beskrywing van onse pres Zuma, op sy pad of is dit nou perd, uit. Maar daar is nog twee jaar oor voor sy termyn verstryk, dus kan ons nog heelwat van die man verwag.

**Gill Marcus** is 'n vrou wat nie doekies omdraai nie. Wat van haar vir die parlement. Sy reken die gedagte om die Reserwebank te nasionaliseer is "mal". Vat 'n tier soos sy om die gemors wat Tito in sy termyn gemaak het, reg te stel.

**Die inflasiesyfer** is laer, 5%. Dis al genoeg om oor huis toe te skryf, maar die kans op laer rentekoerse bly ons ontwyk. Intussen is dit lagwekkend om te sien dat Eishkom moet begroot vir die verhoging van 10% in die steel van krag. Wat van die uwe minister Parifien Gordhaan om 'n bietjie lewe in Eskom te gaan inblaas? Die man het so 'n gebalanseerde begrotingsrede gelewer. Welgedaan. Daar is inderdaad hoop.

**Aan die ander kant** met dié dat ons soveel biddende siele vir onse mooi land het, kan dit nie anders as hoopvol wees nie. Mnr. Terre'Blanche en die profeet van Parys wat dan nou so mooi hande vat en saam bid. 'n Beter voorbeeld kan jy nie kry nie.

Klim op julle perde en ry die stryd tegemoed.

**En dat dat** daar 'n stryd te stry is in die Vrystaat is nie te betwyfel nie. Hoekom nie maar die hele lot wat daar op die munisipale rade sit en vetter word afdank en van voor af begin nie? Erger as erg kan dit tog seker nie gaan nie. Hoeveel korrupsie kan 'n mens dan nou ook regverdig?

**Sal die mense** wat Bafana Bafana se salaris moet betaal asseblief die manne betaal en klaar kry. Dis erg genoeg dat die klein seuntjie nou al vir almal vertel dat hy deur hulle aangeneem wil word nie want hulle kan immers niemand klop nie. Nou moet hulle dit nog verniet ook doen.



### Tuisdienste en verbeteringe (Pretoria)

Sekuriteit, sonverhitting, elektris, loodgieters en buitenshuis: Vir spesialis-sekuriteitstelsels, vakuumbuis-songeisers, voorafbe-Taalde kragmeters, algemene loodgieterswerk en algemene buitens-huise werk.

Louis (012) 323-3589 alle ure of 082-972-9723.

[menhardatwork@live.co.za](mailto:menhardatwork@live.co.za) [www.menatworkinpretoria.co.za](http://www.menatworkinpretoria.co.za)

### Boeke vir 'n ouetehuis

Ek wil n biblioteek begin by 'n ouetehuis wat op die oomblik net een rak vol boeke het. Enige skenkings van boeke sal baie welkom wees.

[jenniferminnie@live.co.za](mailto:jenniferminnie@live.co.za)

### Akkommodasie (Weskus)

#### Die Houthoop Gastelaas

Lus vir 'n lekker Weskus-wegbreek? Of wou jy nog altyd graag Namakwaland in Die blomtyd sien? Besoek dan Die Houthoop en kry die beste in die weste.

[www.houthoop.info](http://www.houthoop.info)

### Akkommodasie (KZN-Suidkus)

Pragtige 4 slaapkamer vakansiehuis huis by Sea Park, 4 kilometer voor Port Shepstone. Vyf minute stap na die strand. Geniet 'n onbeperkte uitsig oor die see, hou die walvisse dop, braai en hoor die golwe in die agtergrond of ontspan in die tropiese tuin.

[leonoraj@absa.co.za](mailto:leonoraj@absa.co.za)

# Die nuwe KOMMIN -toets

Deur Oom Daan

## Jy weet jy is kommin as:

1. Die nagemaakte Afrika-aksent wat jy gebruik wanneer jy met swartes in Afrikaans praat, so swaar is dat jou huisbediende sukkel om jou te verstaan.
2. Jy jou tande gaan borsel nadat jy per ongeluk uit die huishulp se beker gedrink het.
3. Jy groot oë maak en koorsagtig na die kombuis beduie wanneer iemand kliphard die "k"-woord gebruik terwyl die huishulp aan diens is.
4. Jy vir die dominee wag om die onthaal te verlaat sodat jy ernstig kan begin drink.
5. Jy vir iemand padaanwysing oor die foon gee en met jou hande beduie.
6. Jy Angus Buchan se konferensie gratis bywoon en op pad huis toe by die Spur stop met die R150 wat jou vrou vir jou gegee het.
7. Jou hond sy agterstewe onophoudelik lek en die veearts sê hy doen dit om die smaak van die afslag-pille wat jy aan hom voorsit uit sy mond te kry. Nog meer so as jy na hom staar en dink hy's ernstig.
8. Jy die boks met wyn onder die tafel instoot voordat jy bid om dankie te sê vir die kos. (Self gesien!)
9. Jy per ongeluk begin eet voordat die gasheer gebid het en dan vinnig die kos uit jou mond haal.
10. Jy dronk terugry van 'n braai en die yswater in jou koelboks uitkeer op die voetganger wat jy omry (reg voor my huis gebeur).
11. Die petrolprys opgaan en jy R5 se petrol uitry na die vulstasie om 20 liter brandstof teen die ou prys (10c per liter goedkoper) in te gooi. Daar aangekom, sit jy vir 20 minute in die ry en smul aan R20 se pasteie, koeldrank en lekkers.
12. Jy 'n vriend se Neil Diamond CD kopieer omdat die kunstenaar vir jou soos Steve Hofmeyr klink.
13. Jy dink dis goeie maniere om te vra of almal klaar geëet het voor jy oorverdowend poep.
14. Een van die kinders 'n paint stripper in die kar loslaat en jy die skuldige vaspens deur die reuk te eien.
15. Jy ná tien jaar weer kerk toe begin gaan omdat jou vrou verwag en jy bang is mense gaan jou skeef aankyk wanneer jy die baba laat doop.
16. Jy saambly en glo iemand gaan minder sleg van jou dink omdat jy na haar verwys as jou "verloofde".
17. Jy, vandat jy buite rook, omtrent nooit meer die toilet in die huis gebruik nie.

## GESOGTE MUIL

DIE pas getroude plaasboer ontvang besoek van sy skoonma, en sy vind met alles fout. Toe hulle deur die skuur loop, skop die muil haar dood.

'n Paar dae later is dit begrafnis. Die dominee sien as vroue met die boer praat, knik hy "ja", en as mans met hom praat, skud hy sy kop "nee."

Later vra die dominee die boer hoekom hy so gemaak het.

Boer: "Die vroue het gesê 'Wat 'n tragedie' en ek het instemmend geknik. Die mans het gevra of ek die muil wil verkoop, toe sê ek nee, hy is 'n jaar lank vooruitbespreek."

# FOUTOPSPORING

## WANNEER JY DRINK

SIMPTOOM	FOUT	AKSIE
Voete koud en nat.	Jy hou jou glas verkeerd vas.	Hou glas se bokant in rigting van plafon.
Drank besonder flou en smaakloos.	Glas is leeg.	Vra iemand om vir jou nog 'n dop te koop.
Alkohol smaakloos, hemp se voorkant nat.	Mond is toe, of glas verkeerd aangewend.	Gaan badkamer toe en oefen voor die spieël.
Vloer beweeg.	Hulle dra jou uit die kroeg uit.	Vind uit of jy na ander kroeg op pad is.
Kamer is ongewoon donker.	Kroeg het vir die nag gesluit.	Gee vir kroegman jou huisadres.
Taxi raak skielik baie vol kleure en teksture.	Alkohol-inname het jou kapasiteit oorskry.	Maak jou mond toe.
Almal kyk op na jou en glimlag.	Jy dans op die tafel.	Val op iemand wat lekker sag lyk.
Drank is wit soos water.	Dit is water. Iemand probeer jou nugter kry.	Slaan hom met die vuis.
Hande en neus is seer, kop ongewoon helder.	Jy was in 'n bakleiery betrokke.	Sê vir almal jy's jammer - dit was dalk hulle.
Jy herken niemand en ook nie die plek nie.	Jy het by die verkeerde partytjie ingestap.	Kyk of hulle gratis alkohol het.
Jou singery klink hard en vals.	Die drank is te swak.	Drink nog 'n paar glase totdat jou stem reg is.
Jy onthou nie die liedjie se woorde nie.	Jou drankie is perfek.	Speel 'n denkbeeldige kitaar.
Jou mond is vol sigaretstompies.	Jy het vooroor geval.	Vra dat iemand jou aan die toonbank vasmaak.

## Die Brekfis Special vir seniors

'N EGPAAR het ontbyt gaan eet in 'n restaurant wat 'n spesiale aanbod vir senior burgers het:

Twee eiers, spek, 'n worsie en roosterbrood vir R15.

"Klink goed," sê die vrou, "maar ek wil nie die eiers hê nie."

"Dan moet ons jou R20 vra, want dan is dit a la carte," sê die kelner.

"Sê jy ek moet ekstra betaal omdat ek nie eiers neem nie?!" vra die vrou ontsteld.

"Ja," sê die kelner.

"In daai geval sal ek die special neem," sê die vrou.

Kelner: "Hoe wil jy die eiers hê?"

"Rou en in die dop," antwoord die vrou triomfantelik.

Sy het die twee eiers saamgeneem huis toe.

**Moenie met senior burgers mors nie!**



# Outydse rympie

**Kalfie Stander** het hierdie storie ingestuur:

Ek was bevoorreg om laat in my lewe n stiefpa te hê wat 'n waardige ou heer was. Hy het met die draai van die vorige eeu in 'n plaasskooltjie skoolgegaan. Hy vertel hoe die kinders die alfabet destyds moes leer. Die rympie het as volg gegaan:

**A** - Abel    **B** - Babel    **C** - Cnoffel    **D** - Doffel    **E** - Edelman  
**F** - Fransman    **G** - Gek    **H** - Hoenderdief    **I** - Ijstermaker  
**J** - Jukkemaker    **K** - Koekiebakker    **L** - Lepelmaker    **M** - Messemaker  
**N** - Neutekraker

Dit is sover ek die rympie kan onthou. Miskien is daar 'n leser wat dit kan voltooi. (Let op na C en I.)

Ek kry die moderne jeug jammer want daar is soveel wat hulle nooit sal ken of ondervind nie. Hulle ken nie 'n griffel en 'n lei nie. Weet niks van 'n skuifliniaal of 'n logboek nie. Weet nie dat daar 'n tyd was dat kinders met n sakkie knoffel om die nek moes skool toe gaan nie.

(Dit was omstreeks 1947 en was 'n teenmiddel teen griep of een of ander pes. En die hele skool moes dit dra.)

Ek wonder soms hoe dit met saalopening moes gestink het. Geen kiem sou deur daardie walms kon kom nie!

So kan 'n mens ad infinitum voortgaan, maar dit sal nie in almal se smaak val nie.

**Is daar nog Kammalanders met sulke onthou-stories? Stuur dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)**


## Maklike en eenvoudige boererate

Ingestuur deur **Hennie Coetzee**:

1. As jy verstik aan 'n blokkie ys, drink 'n koppie kookwater.
2. Om te keer dat jy jouself raaksny as jy groente of so iets kerf, kry iemand om dit vir jou vas te hou.
3. Vermy argumente met die vroulike spesies oor die toiletsitplek en gebruik die wasbak.
4. Vir mense wat aan hoge bloeddruk ly, sny van tyd tot tyd 'n aar en stop bloeding ná 5 minute.
5. Vir 'n slegte hoes eet 'n blokkie Brooklax, dan sal jy te bang wees om te hoes.
6. Mens benodig slegs twee stukkie gereedskap, Q20 en 'n rolletjie kleefband. As iets moet beweeg en dit gebeur nie, gebruik die Q20. As dit beweeg en nie moet nie, gebruik die kleefband.
7. As jy iets nie met 'n hamer kan regmaak nie is dit 'n elektriese fout.

### VAN DIE MERK AF

Deur Mark Pirisi



### Die wonder van die vrou

'n Vrou is wonderlik as dit kom by vermeerdering.

As jy haar sperm gee, gee sy jou 'n baba.

Koop vir haar 'n huis, en sy gee jou 'n tuiste.

As jy vir haar kos koop, maak sy vir jou 'n maaltyd.

Gee haar 'n glimlag, en sy gee haar hart aan jou.

Sy vergroot en vermenigvuldig alles wat jy vir haar gee.

Maar onthou: As jy vir haar bolle gee, sal jy 'n hele ton daarvan terugkry.



# Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

## Wenke vir die tuin: Bome

Dagsê Liewe Lesers!

Ons is reeds al halfpad in die eerste kwart van 2010!

Nogtans is dit nooit te laat om die volgende met jul te deel nie! Omdat ek op die SOMAAKMENS werf hierdie jaar elke maand 'n TUINHOEKIE insetsel plaas, het ek dit goed gedink om in die KAMMANUUS iets te plaas wat nie daar gaan verskyn nie.

Gaan loer gerus op die WERFIE, daar sal elke maand 'n PLANTGIDS verskyn, ALGEMENE WENKE en later ook ietsie oor KRUIETUINE, TUINPAADJIES en RANDAKKERS.

Die volgende drie bydraes in KAMMANUUS gaan handel oor : BOME, GRASPERKE en POTPLANTE.

### BOME

#### AANPLANTING

Omdat bome meerjarig is, maak dit nie regtig saak wanneer dit geplant word nie. Bome wat by kwekerye in houers gekoop word, kan enige tyd van die jaar geplant word. Bome moet egter nooit gedurende die begin en middel winter VERPLANT word nie. Die beste tyd is net voor die lente. Haal dit egter versigtig uit en probeer om soveel moontlik wortels te behou. Maak dadelik nat nadat dit oorgeplant is en hou vir die volgende twee weke goed nat.

Wanneer bome verplant word, moet hulle altyd in dieselfde rigting front as in hul vorige posisie. Merk die noordekant van die boom met 'n toutjie en dra sorg dat die boom weer noord front.

Stut jong boompies tot hul wortels sterk gegroei het en nie meer deur wind beskadig kan word nie. Gebruik stroke van 'n binneband of ryg draad deur 'n stuk tuinslang. Die stut moet saam met die boom geplant word, sodat die wortels nie later beskadig nie.

#### BEMESTING

Werk twee keer 'n jaar kompos of mis rondom die bome in sonder dat die wortels beskadig word. Ook kan sowat 2 hande vol 2:3:2 kunsmis toegedien word. Wanneer kunsmis gebruik word moet die grond goed klam wees. Nadat kunsmis toegedien is, moet dit dadelik nat gemaak word sodat dit opgeneem word sonder dat die wortels brand.

#### GROND

Hoe beter die grond is, hoe beter sal die boom groei. Omdat veral inheemse bome 'n penwortelstelsel het, moet die grond diep wees. Daarom maak ons die gate so diep as moontlik voorberei. (1 m X 1 m) 'n Mens vind dat bome wat in vlak grond geplant word, die eerste paar jaar goed groei en dan stilstaan.

#### WATER

Gedurende die winter hoef bladwisselende bome nooit water te kry nie, maar bladhoudende bome behoort wel af en toe te kry. Moet ook nie na die winter te haastig wees om bladwisselende bome nat te gooi nie. Sodra hulle water kry, begin hulle bot en as dit dan ryp kan die plante beskadig word. Moenie inheemse bome te veel water gee nie. In die natuur oorleef hulle slegs met normale reënval. As hulle egter in 'n tuin teveel water kry, sal hul wortelstelsels vlak by en kan hul dus maklik omwaai.

#### SNOEI

Sny die ou dooie, sieklike hout uit. Die boom kry dan meer lig wat nuwe lote sal laat ontwikkel. Onderste takke kan ook gesnoei word vir meer lig onder die boom. Gras sal dan beter onder die boom groei.

Wanneer 'n groot tak van 'n boom verwyder moet word, moet die tak gelyk met die boomstam van onder af en dan van bo af afgesaag word, sodat die bas nie skeur nie.

**Volgende keer: GRASPERKE.**





# STAMBOOM

## Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

### **CILLIERS**

[jdelectrical@iburst.co.za](mailto:jdelectrical@iburst.co.za)

Grootgeword in Marquard-distrik. My oorlede oupa, ook Jan Daniel, kom van Paul Roux.

### **MOSTERT**

[manie.mountany@PBMR.co.za](mailto:manie.mountany@PBMR.co.za)

Cornelis Mostert en sy vrou neem vier kinders van sy vriend James aan.

Hy stel 'n testament saam op 16 Feb. 1906 in Kaapstad met sy stiefseun

Charles John James as eksekuteur met die erfgename:

a) To Anne Mathilda Manthey, daughter of testa and wife of Frederick Rudolph Manthey of Klerksdorp in colony of Tvl.

b) To James Walter Mountney (only child of the late Walter James Mountney, and grandson of the testa of Klerksdorp in the colony of Tvl.

c) To Cornelis Mostert James (son of Charles John James) and grandson of the testa of Pretoria in the colony of Tvl.

Hy sterf op 24 Maart 1915 in die Algemene Hospitaal Johannesburg op die ouderdom van 62 jr en 10maande en vermeld sy vier aanneem kinders en sy stief kleinseun James Walter Mountney. Mikrofilm 4779. Enige iemand wat oor meer inligting beskik, kontak asseblief.

### **PIENAAR**

[coetserm@hseldo.co.za](mailto:coetserm@hseldo.co.za)

Jacques Pinard 1688 in Kaap tot WDJ Pienaar (1922 - 2007) veral Mosselbaai se Pienaars en genl. Dan Pienaar se familie en nasate.

### **STOLTS**

[san.stols@telkomsa.net](mailto:san.stols@telkomsa.net)

My man se ouers, pa Wiets Johannes Stols en sy ma Sophia (Fya) Greef, van hulle het ek baie min besonderhede. Die Stols-van is regoor die wereld versprei.

Ons seun woon tans in Australië. My voorouers aan moederskant was oupa

Johannes Hendrik Petrus Potgieter en my ouma was Susanna Aletta Sophia

(gebore de Bruin) Potgieter. My oumagrootjie onthou ek net as ouma Poppie.

My eie ouers, Gert Christoffel Petrus du Plessis en natuurlik my ma, Elisabeth

Anna Maria (Potgieter) du Plessis. Ek sal baie graag aan my kinders 'n volledige

stamboomregister wil nalaat.

Hoe spoor ek hierdie inligting op? Indien iemand my van hulp kan wees laat weet my asseblief.

### **VAN NIEKERK**

[ontvangs@nhk.co.za](mailto:ontvangs@nhk.co.za)

Jan Lodewyk van Niekerk. Pa Jan Lodewyk van Niekerk. Ma Elizabeth Jocomina Cronje Dreyer.

### **ZIEHL**

[Meerkat01@rogers.com](mailto:Meerkat01@rogers.com)

Ek doen nou al van die 1990's af navorsing oor Carl Friedrich Ziehl wat in 1858 in SA geland het. Hy was tweemaal getroud, en het 8 kinders gehad.



#### **Houtwerk (Boland)**

Vir Kwotasies in die Boland 082 554 1879. Kombuis- en slaapkamer-kaste. Studeerkamerrakke. Verander van bestaande kaste. Laminering van houtvloere. [eze37@vodamail.co.za](mailto:eze37@vodamail.co.za)

#### **Verfwerk (Pretoria)**

The Paint Chap, spesialiseer in voortreflike diens en vakmanskap wanneer dit kom by jou grootste bate se opknop en verbetering: Jou Huis.

Ons diens die hele Pretoria en omliggende areas en het verskeie verwysings beskikbaar. Skakel ons gerus vir 'n kwotasie en advies.

Pierre Labuschagne 082 961 3196 / 012 653 5204

[plabuschagne@gmail.com](mailto:plabuschagne@gmail.com)

[www.thepaintchap.co.za](http://www.thepaintchap.co.za)



# BRIEWEBUS

## Kammanuus se lesers aan die woord

### Agteros is die lekkerste!

#### **Ouma Marie Sweetnam, Suid-Kaap:**

Die laaste Kammanuus was weer so lekka om te lees! Natuurlik is AGTEROS die lekkerste van alles.

As Noordwester daar van Kenhardt, Kakamas en Boegoeberg se kontrei glo ons mos dat ons die suiwerste en dus mees welgesproke Afrikaans kan behartig, en dus vind ek die Weskus (of is dit nou Kaapse Kleurling?) se taal soms amper 'n bietjie moeilik om te lees. Maar wanneer mens jou breintong eers ingestel het, dan word die ding eers lekker om te lees. Ek wonder my waar die man sy stories, en sy spelling vandaan kry – die W.A.T. kan gerus sy manier van dinge spel ook opneem. Doe zoo voort!

Ek is nou nie 'n verskimmelde ou Ouma nie, maar party van die grappe was darm 'n bietjie growwerig. Die een van die Ingelsman in die Kruger was darem vol humor tot op die ent.

Hier by ons langs die Suid-Kaapse kus is dit droog en soms winderig – die gewone soort! - en ons hou baie van besoekers. Wonder of enige van die sokkervlooi hier sal kom tuisgaan. Ek hoor mos dat die meeste van die Engelse (en sekerlik die Hollanders ook) hulle wel in die gewilde swart buurtes inbespreek het.

Hulle wil nou sekerlik die groot "African Experience" kom vang, maar ek meen dit sal darm 'n moerse diplomatieke herrie afgee as hulle juis daar beroof en aangerand word.

**(Nou ma' my wêreld oumatjie, ek is ook 'n boorling van Upington! Het al self as 'n laaitie 'n tamaai karp onder die Boegoeberg se dam uitgetrek ná n hele nag se visvang. Klein wêreld , lekker wêreld. – Hennie.)**

### Maak klaar wat jy begin het!

#### **Danie in Botswana:**

Jy weet ek werk in Botswana en as jy die mense daar hoor praat van ons Stortkop, is dit lagwekkend wat ander swart lande van hom dink, maar nou ja.

Ek is nie in die politiek nie en nog minder om ander mense sleg te se oor hul oortuigings, of is ek dalk net bang hulle maak van my nog 'n Eugene de Kock, want daar is geen grense wat vir ons mense geld en vir hulle mense nie, as jy blank en'n Suid-Afrikaaner is, is jy verkeerd of n rassis. Maar genoeg daarvan hier is iets meer vrolik:

Ek het uiteindelik sielerus gevind. Die manier om dit te doen is om alles klaar te maak wat ek begin het. Ek het vanoggend rondgekyk en dinge gesien wat ek begin het. Toe begin ek dit klaarmaak: die vodka, die Klippies, die rooi wyn, die Jack Daniels, 'n halwe bottel Amarula, 'n bak roomys, 'n groot klomp Smarties en 4 Valiums.

Jy het geen idee hoe rustig ek nou voel nie! Nie eers stortkop kan my nou pla nie.

**(Goeie idee, Danie! Skryf en vertel ons meer van die lewe in Botswana! – Hennie)**

### TRADISIE

Die politieke kandidaat hou 'n vergadering.

"Ek gaan 'n eerlike politikus wees. Ek sal nie beloftes maak wat ek nie kan hou nie.

"As mense moeilike vrae vra waarvan ek nie die antwoord ken nie, sal ek met die volle waarheid antwoord, of erken dat ek nie weet nie.

Lang stilte.

Toe skree iemand uit die gehoor:

"Maar het jy geen respek vir tradisie nie?"

# AGTEROS

## HOTAGTER KERRIE

Eers verdedig ons onself  
teenie Indiaanse aanslag  
mettie melk. Toe loop gooi  
ons van my voetpoeier op  
onse tonge.

Deur ANDRÉ DIPPENAAR

Gaan kyk ek en oorle oompie Doors voetbôl in Loeriesfontein. Loeriesfontein teen Klawer, dink ek, was die hoofwedstryd. Nog daar oppie ou veld, naby oorle oom Aap Visser se huis. Grondveld, nie grassie en nikse beduidenis vanne koelteboompie nie. Pawiljoentjie spoel oorle kante van volgeid. Kry onse sitplekkie.

So sit ons spulletjie sommer plat oppie grond oppe stuk seil voorle mouters langsie kantlyn.

Oompie, oorle oompies Kowie O’Kennedy, Jannie Losper, ekselwers en nogge paar voetbôlkeners. Eet ons kerrie en rys wattie ACVV se anties daar loop staane verkoop het.

Vattie manne so danne wan ietsie. Net virrie wis en onwistigheid. Om wedstryd-fiks en by te bly. Man weet mos nooit of daar perdalks ekstra tyd gespeel gaan wôre nie.

“Doorsman,” sweet oom Kowie oorle bakkie kerrie se rant, “een vannie anties se kerrie-hand was wragtag swaarder assie weer nourie dag daar na Klein Rooiberg se kant toe. Kan jy maar ys bygooi, koel kry jy die blêrrie spul nie. Lyk skoon offie rys loop staane smelt onnerie warm kerrie! Warmer assie hekpale vannie hel self!”

Loop staane probeer die ou die geel vuur doodgooi mette paar slukke Mellowood. Niks gemaakie. Brandblus die ourie vuur mette bier. Puur verniet!

“Kowie ou swaer,” traan Oompie self half oopbek na Kowie se kant toe, “stry stry ons twee mos maklik en saamstem staane skeep ons ook maar meer as dikwels af, maar hierie slag wil ek jou amper narie helfte vannie lyndraad se kant af tegemoet hol. Die spulletjie hette byt, maarie nábyrie Natalse kerriefamilie nie.”

“Daai slag wat ek en oorle Gert Pond met ons Fannerflêsj perd Joelaai toe was, jy weet mos, toerie blêrrie perd onse wedgeld oppie baan loop staane uitwei het, daai einste tyd loop staane koop ek en Gert vir ons wragtag `n tweede keer vas. Eers aanie perd en toe aanie kêrrie!”

“Sien, hettie perd ons mos sleg innie skanne loop staane versteek, soveel so lat ons skoon innie hêrsboks loop staane wegkruip het tot duskant skemer die aand. Toe’t daarie meere siel byrie reiskoers lewe wysie, sluip ons mettie Valiant, sommer sonner hêrsboks en perd, byrie hekke uit. Terug huis toe!”

“Ou Swaerie, daai dag hettie perd my `n groter verleentheid loop staane toedien assie dag wat oorle oupa Hennerik vir my en ant Wiesie se meisiekind, Marie Mensmerrie, agterle kaffoop loop staane oorval het. Kaalgat, sonnere draad klere. Al wat ons tweetjies aangehad het, was strooihalms en kafstoppels!”

□ □ □ □

“Ewen’twel, so loop vat onsie pad huis toe en daar by `n plek mettie naam van ‘n Man se Tôtie’, knap weg uit Durban uit, loop staane koop ek en Gert vir ons ietsie virrie pad. By `n Indiaanse kêffietjie. Kerrie en rys en man-man `n pint melk. Sommer op pad kar toe, toe beginne tel ons alle sweet op. Net vannie *takeaways* se dra ennie stoom se snuif!”

“En so loop trek ons by `n sementtafeltjie vannie pad af om sommer innie ligte van Valiant te eet. Haal ek vir onsie bakkies kerrie en rys uitie plêstieksakkie en dekkie tafel. Sukkel Gert Pond nog om sy bakkie se dekseltjie los te woel toe ekkie eerste stukkie hoener inkry. Het daai eerste happie noggie eers by my

kleintongetjie verby geglippie, toe loop staane hol twee strome trane oor my wange."

"Is daai tyd lat Gert opkyk en vra, 'En vir wat loop sitte tjank jy dan nou so droewelik, issit oorie perd?', wat ek loop staane besluit ek sallie wetterie waarsku teenie Indiaanse vagevuurie en sê ek sommer dis oorlat dit my mos nou loop staane byval lat ouma Jaatjie presies vandag sewe jaar terug loop staane afsterwe het, lat ekkie bewoënsbevlieging loop staane kry het."

Oompie vertel lat teen daai tyd het ou Gert Pond darem al self die dekseltjie van sy porsie afgewroeg en met díe wat hy nou loop staane agter raak het mettie etery, lat hy van pure oorhaastigheid amperie heel hoenerboudjie met een hap vannie been afstroop en met net twee kort stukkies kou innie slukderm loop staane afstoot.

Selle storie, daai hoener het noggie eers mettie slukderm se sappe behoorlik loop staane handskuttie, toe lyk Gert Pond soose kind watte kinkhoes aanval loop staane kry het. Loopie snot en trane in ewe sterk strome oorie ou se bolip en wange.

Vra Oompie glo ewe vroom, "En neef Gert, waaroor huil jy dan nou so skielik?" Weet Gert kop te hou en grommie ou glo net daar oppie plek vir Oompie, "Doors, jou dônner, ek huil oorlat jy nie saam met jou verdomde ouma Jaatjie loop staane vrek hettie!"

"Intussen, ou Swaerie, hettie jokkie, Moos Geduld, ookie agter gebly nie. Is hy teen daai tyd al amper vier slukke kerrie sterk. Staanie stomme kêrel met sulke stokstywe oë, oopbek windop en blase blaas wylie ou iets probeer sê. Klinkit al vir my soose koei wat mette sementsak oorie kop traai bulk!"

"Ou Kowie, daai kerrie het ons met als geprobeer kalmeer wat onsie hanne kon oplê, behalwe die botteltjie *brakefluid* wat agter innie Valiant se katbakkies was. Eers verdedig ons onself teenie Indiaanse aanslag mettie melk. Toe loop gooi ons van my voetpoeier op onse tonge. Die jokkie probeer vannie Dubbin, wat ons virrie perd se halter saamgevat het, oppie tong smeer.

Later suip onsie gellingkannetjie water, wat sou moes keer lattie Valiant, soosie kerrie, nie laansie pad moet loop staane oorverhittie, op. Niks gemaakie. Dis so goed jy loop staane neuk pêrefien oore oop vuur. Voel later skoon of daai behandelings nettie kerrie nog meerie moer in loop staane maak het!"

□ □ □ □

Vertel Oompie lattie een van hulle daai kerrie-porsies halfpad kon baasrakie. Sou glo makliker gewees het omme duik inne kasteroliedrol te maak as omme kwart van daai dis in te kry! Alles drom toe en dis lat hulle daar wegtrek en hy omkyk, lat hy hom kon sweer lattie vullisdrom dofweg vannie warm kerrie begin gloei het.

Gert Pond weet te vertel dissie briekligte wat Oompie gesien het, maar Oompie is standvastig – hysie man wat omgekyk het, nie Gertie. So is hulle daar weg, die nag in.

"Ry ons met ons koppe byrie vensters uit, oopbek, windop. Helpit darem so effe, maar kla Moos byrie venster agter my lat hy nie kan sienie. Sy oë brand glo te veel van my kerriespoeg wat so terugwaai. En dis eers wat ons Williston loop staane inry, lat ons weer ordentlik met mekaar kon praat en ons eie spoeg afgesluk kon kry. Ook net so bietjies, bietjies, want toe herrit nogsteeds so 'n effense Tôti hittetjie in!"

"En dis mos net wat ek loop staane oorgerus raak, lattie tweede reeks Natalse kerriehittegolf my tref. Skrou ek vir Gert doer annie bopunt van Van Rhynspas lat hy moet aftrek wantie Indiane is besig mette oorlogsdans of ding hier in my maag.

"Hol ekkie bosse in. Maakit net-net. Moet ek maar ronborstiglik erken, daai tweede brand was nie erg soosie eerste eenie, maar so aanhóúndend! Drie dae lank. Sit ek hotagter innie Valiant met my kaal stêre byrie venster uit – wind op – totlat die bordjie sê 'Van Rhynsdorp 5' en ná Van Rhynsdorp tot ons by Bitterfontein afdraai en toe nog twee dae by!"

[Dankie aan Pieter Kruger!]